

# 19. EEN teks, DRIE grade

*Aanbeveel vir graad 10, 11 en 12 Eerste Addisionele Taal*

Nie alle advertensies het kopieteks of genoeg teks nie. Dit is dan makliker om 'n paar sinne onder aan by te voeg as wat dit is om die teks (advertensie) self te probeer verander. 'n Ekstra paragraaf maak dit ook maklik om seker te maak dat jy by alles uitkom wat jy wil vra.

## Graad 10 Eerste Addisionele Taal




Vergeet van jou probleme en kom kuier saam met kunstenaars soos Kurt Darren, Granville Michaels en Jaconell Mouton.

Daar is groot internasionale treffers, gunstelinge uit eie bodem en 'n Karoopaartie wat gaan sorg vir 'n (6. fantasties) aand!
**#KKNK2023**

## VRAE

1. Waarvoor staan die AFKORTING: KKNK? (1)
2. Wie is die TEIKENGROEP van die advertensie? (1)
3. Gee die VERGROTENDE TRAP van: grootste.
   KKNK is (grootste) as Aardklop. (1)
4. Antwoord die volgende vraag in die ONTKENNENDE VORM:
   Was jy al ooit by die KKNK? (1)
5. Kies die KORREKTE vertaling of spelwyse vir die volgende woorde:
   5.1 "tickets" – kaartjies/kartjies/kaarkies
   5.2 "available" – verkry/te kry/beskikbaar
   5.3 "paartie" – partykie/paartytjie/partytjie (3)
6. Gee die regte vorm van die BYVOEGLIKE NAAMWOORD tussen hakies.
   Vanaand gaan 'n (fantasties) aand wees. (1)
7. Noem EEN borg van die geleentheid. (1)
8. Kies die KORREKTE ANTWOORD. Skryf die letter (A-D) langs die vraagnommer (8.) neer (byvoorbeeld 8. A).
   Woorde soos "grootste", "ooit", "treffers" en "gunstelinge" is voorbeelde van:
   A. figuurlike taalgebruik.
   B. emosionele taalgebruik.
   C. manipulerende taalgebruik.
   D. herhalende taalgebruik. (1)

**[10]**




(6. Trek jou partytjieskoene aan) en kom kuier saam met kunstenaars soos Kurt Darren, Granville Michaels en Jaconell Mouton. (7. Jy gaan ál jou probleme vergeet!) Dis (8. groot internasionale treffers, gunstelinge uit eie bodem) en 'n Karoopaartie wat gaan sorg vir 'n (9. sal nooit vergeet word nie) aand!
**#KKNK2023**

## VRAE

1. Kies die KORREKTE antwoord tussen hakies:
   Hierdie advertensie adverteer 'n (musiek vertoning / musiekvertoning). (1)
2. Hoe ondersteun die foto's die inhoud van die advertensie? (1)
3. Haal EEN woord aan wat bevestig dat hierdie vertoning nie in 'n saal gaan wees nie. (1)
4. Vertaal die volgende in Afrikaans:
   Tickets available at Webtickets or Pick n Pay. (1)

5. Bewys uit die teks dat die adverteerders van HERHALING gebruik maak om die advertensie meer aanloklik te maak. (1)
6. Motiveer waarom die volgende frase nie LETTERLIK verstaan moet word nie: “Trek jou partytjieskoene aan.” (1)
7. Skryf die volgende sin oor in die LYDENDE VORM:
   Jy gaan ál jou probleme vergeet! (1)
8. Wat is die VERSKIL tussen groot internasionale treffers en gunstelinge uit eie bodem? (2)
9. Gee EEN woord vir die onderstreepte gedeelte: ’n (sal nooit vergeet word nie) aand. (1)

**[10]**

## Graad 12 Eerste Addisionele Taal




Vergeet jou (4. sorge) en (5. trek jou partytjieskoene aan) vir ’n groot (6. jol) met (7. onder andere) Kurt Darren, Granville Michaels en Jaconell Mouton. Dis groot (8. internasionaal) treffers, gunstelinge uit (9. eie bodem) en ’n Karoopaartie wat gaan sorg vir ’n onvergeetlike aand!

**#KKNK2023**

## VRAE

1. Wat word hier geadverteer? (1)
2. Daar is DRIE borge. Watter EEN van die drie, dink jy, is die belangrikste? Motiveer jou antwoord. (1)
3. Die adverteerder gebruik OORDRYWING om die leser te manipuleer. Haal 'n voorbeeld uit die advertensie aan om die stelling te bewys. (1)
4. Gee 'n SINONIEM vir: sorge. (1)
5. Die volgende sin is 'n voorbeeld van KONNOTASIE. Verduidelik wat die onderstreepte woorde beteken: "... en <u>trek jou partytjieskoene aan</u>." (1)
6. Gee die VERKLEININGSVORM van: jol. (1)
7. Gee die AFKORTING vir: onder andere. (1)
8. Gee die KORREKTE vorm van die woord tussen hakies. Dis groot (internasionaal) treffers ... (1)
9. Wat word met <u>eie bodem</u> bedoel? (1)
10. Skryf die volgende sin oor in die BEDRYWENDE VORM: 'n Onvergeetlike aand word belowe. (1)

**[10]**

**19. EEN teks, DRIE grade**

**Graad 10 Eerste Addisionele Taal**

| | | |
|---|---|---|
| 1. | Klein Karoo Nasionale Kunstefees. | (1) |
| 2. | Alle voornemende feesgangers. | (1) |
| 3. | groter | (1) |
| 4. | Nee, ek was nog nooit by die KKNK nie. | (1) |
| 5.1 | kaartjies | |
| 5.2 | beskikbaar | |
| 5.3 | partytjie | (3) |
| 6. | fantastiese | (1) |
| 7. | Absa/Media24/kykNET. | (1) |
| 8. | B emosionele OF C manipulerende | (1) |
| | | **[10]** |

**Graad 11 Eerste Addisionele Taal**

| | | |
|---|---|---|
| 1. | musiekvertoning | (1) |
| 2. | Dis die sterre wat gaan optree by die musiekvertoning. | (1) |
| 3. | KKNK-Opelugverhoog. | (1) |
| 4. | Kaartjies beskikbaar by Webtickets of Pick n Pay. | (1) |
| 5. | Die treffende woord <u>paartie</u> word herhaal. | (1) |
| 6. | Dit beteken net dat jy jou moet gereed maak om partytjie te gaan hou, nie dat jy fisies jou skoene moet aantrek nie. | (1) |
| 7. | Al jou probleme gaan (deur jou) vergeet word. | (1) |
| 8. | Internasionale treffers kom van oorsee af en gunstelinge uit eie bodem is plaaslike musiek. | (2) |
| 9. | onvergeetlike | (1) |
| | | **[10]** |

**Graad 12 Eerste Addisionele Taal**

| | | |
|---|---|---|
| 1. | ’n Musiekfees by 2023 se KKNK. | (1) |
| 2. | Media24 omdat dit in die middel is. OF<br>Absa omdat dit eerste staan. | (1) |
| 3. | Daar word verwys na die <u>grootste</u> Karoopaartie <u>ooit</u>. OF<br>Die woorde “treffers” en “gunstelinge”. OF<br>’n Onvergeetlike aand word belowe. | (1) |
| 4. | bekommernisse | (1) |
| 5. | Maak jou gereed om partytjie te gaan hou. | (1) |
| 6. | jolletjie | (1) |
| 7. | o.a. | (1) |
| 8. | internasionale | (1) |
| 9. | Plaaslik, met ander woorde Suid-Afrikaans of uit die Klein-Karoo. | (1) |
| 10. | Hulle belowe ’n onvergeetlike aand. | (1) |
| | | **[10]** |